Nebulae montessori

# NEBULAE MONTESSORI PROSPEKTUS



Baie welkom by Nebulae STER skool. Ons is opgewonde om deel te wees van u kosbare kind/ers se voorskoolse ontwikkeling.

Ons het hierdie ouer-inligting handleiding saamgestel as riglyn vir die harmonieuse samewerking tussen Nebulae, u as ouer en die ouers onderling met mekaar.

Indien almal ingelig is en begrip toon vir al die reëls en regulasies het ons 'n waarborg vir 'n suksesvolle vennootskap tussen al die betrokke partye.

Om as vennote sukses te behaal met u kind se ontwikkeling is dit van kardinale belang dat ons saamwerk om ons doelwit van optimale ontwikkeling op emosionele, sosiale, fisiese en intelektuele vlak te bereik.

Nebulae funksioneer soos 'n uitgebreide "ster-familie". Die sterretjies wat daagliks saam leer, saam speel en saam lag, smee baie hegte vriendskaps bande wat oorspoel na vriendskappe tussen die Ster-ouers.

Dit is ons hartswens dat die tyd wat u as gesin betrokke is by die Nebulae STER familie gevul sal wees met vreugde en skitter-blink-ster oomblike.

Ster-Wense!

**Lees die handleiding asseblief deeglik deur en parafeer aan die einde van ons inskrywingsvorm dat u kennis dra van al ons riglyne vir optimale samewerking.**

# Inhoudsopgawe:

Arriveer soggens

Arriveer riglyne

Allergieë / Kroniese medikasie

Apparaat

Aanpassing

Beserings

Besoeke aan Nebulae

Betyds wees

Buite-Muurse aktiwiteite

CCTV Kameras

Dag-program

Dissipline

Foto's & Video's

Fooie

Gedragsprobleme

Geskeide ouers, enkel ouer gesinne

Goeie maniere en etiket

Half dag / voldag

Inenting

Instappies

Joghurt

Kennis gee uit skool

Klagtes en gedagtes

Kleredrag

Kommunikasie

Konsert

Kopluise

Laat kom

Ontwikkelings agterstande

Oorskuif na volgende groep

Oplaai riglyne

Ouerbetrokkenheid

Paasfees viering

Parkeer-area

Personeel

Persoonlike versorging

Pouse versnapperings

Privaatheids Beleid – POPI A

Rook

Reën

Siek wees / Medikasie

Skooltye

Slaap

Sonbeskerming

Sosialisering

Speelgoed

Spyskaart

Ster reels

Taal gebruik

Telefoon oproepe

Tema's

Temperamente

Troeteldiere

Tye

Uitsonderings

Veiligheid

Verjaarsdae

Verloregoedere

Vorderings verslae

# Arriveer soggens:

Nebulae open soggens om 07h00.

Die Ster-portaal ingangshek word soggens om 07h00 vir ons ouers en kleuters oopgesluit.

Daar is soggens 'n personeellid by die ingangshek om die maats te groet.

Nadat die maats gegroet het, stap hul na hul klas, bere hul tassie in hul tas rakkie en stap na die speelgrond toe. Die res van die personeel is op die terrein besig om met die kinders te speel en toesig te hou.

### *Gedurende die somer maande*

Gedurende die somermaande speel die maats buite op die speelterrein totdat dit tyd is om pap te eet. Na paptyd begin ons dagprogram in die klasse.

Indien dit reen of te koud is, sal die maats in die onderskeie of op die stoepe by die klasse besig gehou word met opvoedkundige apparaat,totdat die dagprogram begin.

Gedurende die winter:

Centurion se winters kan bibber koud word, dan hou ons die maats soggens in die klasse met aktiwiteite besig totdat dit warm genoeg is om vir 'n klein rukkie buite te speel voordat die dagprogram begin.

*Ontbyt peuselhappies oppad skooltoe:*

Soms is daar maats wat solank peusel aan 'n toebroodjie of beskuitjie in die motor oppad skooltoe.

Om verstikking te voorkom het Nebulae 'n beleid om altyd by 'n tafel te sit terwyl 'n maatjie eet. Indien 'n kind besig is met 'n peuselhappie wanneer hulle by die skool arriveer, vra asseblief die kind om eers verder te eet wanneer hulle by 'n tafel by 'n juffrou is.

***MOET ASSEBLIEF NIE*** u kleuter met lekkers by die skool aflaai nie,soms hou die kleinding die suiglekker in hul monde en sien ons nie die lekkertjie in die mond raak nie. Terwyl die kleinding opstap is daar 'n moontlikheid dat die kleinding aan die suiglekker kan verstik voordat hul by 'n personeellid is.

- Die sjokolade veroorsaak so 'n suiker oorlading, dat die kleuter oormatig energiek is en glad nie kan konsentreer nie.
- Sodra een van die ander maats sien, 'n maatjie eet 'n lekkertjie wil almal lekkers he en is hier 'n groot tranedal of ellelange verduidelikings waarom die een kind NOU 'n lekker mag eet.

# Arriveer riglyne:

Nuwe ouers:

Sodra die kleinding mooi ingeskakel het, sal 'n personeellid die kleinding soggens groet by die hek en dan saam opstap na die klas toe.

As u as ouer oortuig is van die besluit om u kind by Nebulae in te skryf gaan die kleinding ook nie twyfel nie, die aflaai sal dan glad verloop.

Indien u 'n as ouer enigsins twyfel of vrese in die hart koester of skooltoe gaan die regte opsie vir die kleinding is, tel die kleingoed die onsekerheid op en tree diensooreenkomstig deur huil/ klouerige emosionele gedrag te openbaar.

Hou die aflaai roetine soggens soveel as moontlik dieselfde.

Indien moontlik moet ouers die kinders om die beurt aflaai, (as net een ouer aflaai en daardie ouer is skielik siek of op 'n sakereis, kan die verandering in roetine vir die kind baie traumaties wees).

**Poog om die oggend roetine rustig te hou deur vroeg genoeg op te staan en genoeg tyd toe te laat vir onvoorsiene gebeure.**

# Allergieë / Kroniese medikasie:

Indien u kind enige allergieë het of kroniese medikasie benodig, dui dit asseblief op die inskrywingsvorm aan.

Kinders wat medikasie moet neem vir allergiese reaksies, se medikasie moet op die eerste dag van skool by die kantoor ingehandig word, duidelik gemerk met kind se naam en van en dosis wat gegee moet word.

Personeel mag slegs hierdie nood-medikasie toedien nadat hulle telefonies toestemming van 'n ouers ontvang het, wat dan per whatsupp deur die ouer bevestig moet word. Nebulae sal sleg in uitsonderlike gevalle, byvoorbeeld met Sistiese Fibrose, kroniese medikasie aan 'n maat toedien. Ons kan ongelukkig nie homopatiese druppels/saline neussproei/ vitamien aanvullings vir maats op 'n gereelde basis gee nie.

# Apparaat:

Nebulae gebruik die apparaatfooi om ons Montessori apparaat aan te vul. Die duursame apparaat bekoor die kinders soms so dat hul dele daarvan huistoe neem. Indien u apparaat in u kind se tas of broeksak vind, stuur asseblief vir ons terug. Van die apparaat kan glad nie gebruik word indien daar 'n deel weg is nie en om die hele apparaat te vervang is soms net te duur.

Wanneer maats met die aaparaat werk en daar is 'n ongeluk, die apparaat val per ongeluk en breek, is dit Nebulae se skade. Indien 'n kind willens en wetens 'n apparaat breek of beskadig sal die ouers 'n faktuur ontvang nadat ons die apparaat vervang het. (In my 29 jaar as Montessori juffrou het dit nog net 1 keer gebeur).

# Aanpassing:

Vir sommige kinders is dit moeilker om aan te pas as vir ander, baie faktore beïnvloed aanpassing:

- Was die kind vroeër in 'n kleuterskool of dagsorg sentrum of net alleen by mamma of 'n oppasser tuis?
- Temperamente: die verskillende temperamente het elkeen hul eie unieke aanpassing styl.
- Wat was die kind se ervaring by die vorige kleuterskool, het daar iets traumaties gebeur?
- Dit is normaal vir kinders om aanvanklik onseker te voel, sodra hul hul voete gevind het, gaan dit gewoonlik baie goed.
- Indien 'n maatjie regtig ernstig sukkel om aan te pas sal die skool die ouers in kennis stel en sal alternatiewe reëlings getref word.
- Nebulae het 'n baie spesifieke inskakelings proses om maats aan die skool voor te stel, die maats kom kuier vooraf saam met 'n ouer, aupair, ouma of nanny om vertroud te raak met die personeel, die omgewing en die ander maats. Na 'n paar vooraf besoeke voel die nuwe maatjie meer vertroud met die skool en omgewing en is die angs van die eerste amptelike dag nie oorweldigend nie.

# Beserings:

Indien 'n kind by die kleuterskool seerkry wonder ouers met goeie rede:

- Wat het gebeur? Waarom het dit gebeur?
- Was daar genoeg toesig, kon 'n personeellid gou genoeg help?
- Kon die besering voorkom gewees het?

Daar is 'n paar verskillende soorte beserings:

***Minder ernstige beserings*:**

Tone stamp, struikel en hande/knieë skraap, kop is liggies gestamp by die klimraam. In hierdie gevalle gebeur dit soms dat 'n kind seerkry, opstaan en aangaan. Daar is nie noodwendig trane nie en die kleuter huil nie daarom sal 'n personeellid nie eers weet waar of wanneer die kind seergekry het nie. As die ouer dan skakel om uit te vind wat het verkeerd gegaan sal ons nie noodwendig weet nie. Hierdie tipe seerkry is nogal 'normaal' vir 'n kind en as 'n mens te veel reageer/oorreageer vir elke skrapie/stampie gaan die kinders pieperig raak en nie 'n emosionele veerkragtigheid opbou nie.

***Ernstiger seerkry:***

Val van 'n swaai/glybaan/klimraam af (sonder beenbreuke). Hardloop teen 'n ander maatjie/muur vas en het 'n ernstige eier op die kop of 'n By-steek:

In hierdie geval sal ons 'n foto neem, vir die ouers stuur sodat die ouers bewus is en hul eie oordeel gebruik, wil die ouer die besering opvolg met 'n dokters besoek net om 100% seker te maak daar is nie ernstiger skade nie. In hierdie geval is dit ons plig om presies te kan verduidelik wat gebeur het, waar dit gebeur het en wie betrokke was.

***Baie ernstige besering:***

Beenbreuke, steke word benodig ens. Wanneer sulke ernstige beserings plaasvind, sal ons die ouers skakel en indien die ouers nie onmiddellik beskikbaar is nie, sal ons solank 'n

ambulans skakel en indien 'n ouer nie reeds by die skool is nie, sal 'n juffrou die kleuter na die hospitaal vergesel. (Sulke ernstige gevalle het 4x in die 19 jaar van Nebulae se bestaan gebeur dat 'n maat hospitaal to gejaag moes word).

# Besoeke aan Nebulae:

Indien u as ouer graag wil waarneem hoe u kind met die apparaat werk, is u welkom om 'n afspraak te maak om in die kantoor te kom sit en op die skerm te kyk hoe u kind met die apparaat werk.

Vroeër was dit Nebulae se gebruik om ouers die geleentheid te gee om in die klas te sit en waar te neem, ongelukkig het die kinders dan op hul ouers se skote gaan sit en die waarneming-sessie het tot 'n einde gekom.

Ander ouers het so meegevoer geraak met die kinders se apparaatwerk dat hulle begin het om saam met die maats op die mat te werk en die waarneming het geëindig. Waarneming in die klas is vir eers gestaak.

Om die klas waarneming aan te vul, neem ons van tyd tot tyd video's van die maats se werksaamhede in die klas en vertoon dit tydens ouer vergaderings of stuur dit op WhattsUpp na die klas groep.

# Betyds wees:

Dit is baie belangrik dat ouers ons kleuters **betyds by die skool sal aflaai (verkieslik voor 07h45)** Die maats hou baie daarvan om eers met hul maats te speel en gesels voordat die dag se program om 8-uur begin.

Wanneer maats na 08h00 arriveer, is die ander maats en al die personeel reeds besig met die oggend program en is daar nie personeel beskikbaar om individuele aandag te gee en die maat te ontvang en eers lekker te gesels nie.

Beurtkrag of 'n ongeluk veroorsaak soms dat ouers laat by die skool aankom:

Alhoewel sulke omstandighede erg frusterend is, probeer om ter wille van u kind kalm te bly. Sodra u by die skool arriveer neem die kleinding na die ingangshek by die voorportaal. Indien al die personeel reeds bo besig is, en niemand sien julle raak nie, stap met die kleinding tot by hul tasrakkie, help om die tas te bere ,groet mooi en moedig die kleinding aan om gou na sy/haar groep te gaan by die speelgrond.

# Buitemuurse-aktiwiteite:

Vir die gerief van die ouers, word 'n verskeidenheid Buitemuurse-aktiwiteite by die skool aangebied. Ouers (en of die kleuter) kies self die aktiwiteite waaraan die kind gaan deelneem. Geen buitemuurse-aktiwiteit is verpligtend nie. Die skool het 'n Buitemuurse-aktiwiteits bord in die ingangslokaal aangebring met al die verskillende buitemuurse-aktiwiteit inskrywingsvorms. Ouers reël self met die onderskeie afrigters indien 'n kind aan 'n aktiwiteit moet deelneem. Die voltooide vorm word dan in die "Voltooide-vorm-hokkie" geplaas, waarna dit aan die onderskeie afrigters oorhandig sal word.

Wanneer ons waarneem dat 'n kind baie belangstelling toon in 'n buitemuurse aktiwiteit, stel ons die ouers in kennis en reel met die aanbieder van die aktiwiteit dat die kind aan een of twee klasse mag deelneem om vas te stel of die kind regtig met die betrokke aktiwiteit sal volhou. Indien wel sal die aanbieder of skool die ouers kontak en verdere reelings maak.

Aan die begin van die jaar gee die onderskeie aanbieders twee demonstrasie klasse van die aktiwiteit vir die maats om eerstehands te ervaar hoe die aktiwiteit 'voel'. Die maats gee terugvoer aan die ouers en bespreek die moontlike keuses met die personeel. Inskrywing vind na die deminstrasie klasse plaas.

# *CCTV Kamera's:*

Die skool is toegerus met 32 CCTV kamera's. Die kamera's dien ten doel om:

- Sekuriteit en veiligheid te monitor.
- Personeel opleiding,
- Insidente te ondersoek.

# Dag-program:

BLOU KLAS

- 07:00 – 07:30 Aankoms en speeltyd
- 07:45 – 07:55 Paptyd
- 08:00 Dagprogram Begin
- 08:00-08:15 Lyfie slim MindMoves program
- 08:15 – 08:30 Bybel opening
- 08:30- 09h45 Apparaatwerk
- 09:45 – 10:00 Nuttig Pouse Versnappering
- 10:00 – 11:00 Vrye Spel Buite
- 11:00 – 11:30 Groot Motories & taal ontwikkeling
- 11:30 – 11:45 Middagete
- 11h45 – 13:30 Rustyd (Slaaptyd)
- 13:30 Jogurttyd
- 13:45 – 14:00 Halfdag maats huistoe gaan tyd
- 15:00 Vrugte & Speel
- 15:40 Sap/Tee & Mariebeskuitjie & Speel
- 17:00 Skool sluit

## GEEL- en PERS klas

- 07:00 – 07:30 Aankoms en speel
- 07:45 – 07:55 Paptyd
- 08:00 Dagprogram Begin
- 08:00-08:15 MindMoves groot-motoriese program
- 08:15 -08:30 Skriflesing en gebed
- 08:30 – 10:00 Apparaatwerk
- 10:00 – 10:15 Nuttig Pouse Versnappering
- 10:15 – 11:00 Vrye Spel Buite
- 11:00 – 11:45 Tematyd
- 11:45 – 12:00 Middagete
- 12:00 – 13:30 Rustyd (Slaap) as hulle wil natuurlik*
- 12:00 – 13:30 Halfdag maats huistoe gaan tyd
- 13:30 – 14:00 Jogurt & Speel
- 15:00 Vrugte & Speel
- 15:40 Sap/Tee & Mariebeskuitjie & Speel
- 17:00 Nebulae sluit

# Dissipline:

Volgens die Montessori opvoedkundige onderrig metode word dissipline as volg benader:

### *Stap 1: Vaslegging van ons STER-reëls:*

Dit is Nebulae se gebruik om die skoolreëls (STER reëls) baie mooi en duidelik vir die kinders te verduidelik, te demonstreer en ons gee geleentheid vir die kinders om dit in te oefen.

Vanwee die aard van die Montessori opvoedkundige filosofiee ontwikkel daar by die kinders 'n kultuur van omgee en samehorigheid en begin die maats mekaar spontaan reghelp.

Indien 'n kind vergeet om te luister, sal ons die ster-reëls weer herhaal, verduidelik en hulle herinner om die Ster-reëls te volg.

Ons maats luister 98% van die ty den volg die Sterreels noukeurig. Vir die 2% wat nie altyd konsekwent luister nie….gaan ons oor na stap 2

### *Stap 2: Isolasie:*

Indien 'n maatjie die STER-reëls aanhoudend verontagsaam en die groep ontwrig, sal hy/sy baie rustig na die stil stoel begelei word ('n entjie verwyder van die groep). Die maat sal op 'n stil en rustige manier herinner word aan die klasreëls en versoek word om te dink hoe hul, hul gedrag gaan aanpas om by die klasreëls aan te pas.

### *Stap 3: Kantoor isolasie:*

Indien 'n maatjie baie erg emosioneel reageer wanneer hul aangespreek word of na herhaaldelike stilstoel episodes nie positief reageer nie, sal die kind na die kantoor gebring word. Die maatjie sal dan aangespreek word oor sy/haar gedrag en vir 'n rukkie in isolasie by die kantoor tannies vertoef. (Dit is erg vervelig omdat die kantoor tannies nie kan gesels nie, hulle is stil terwyl hulle werk en die maats se gedrag verbeter gewoonlik dramaties na so 'n vervelige kantoor-kuiertjie).

Dit is Nebulae se verantwoordelikheid om deurentyd die groep se welstand in gedagte te hou. Dit kos net een maatjie wat nie luister nie, hulself gereeld wan te gedra, om die rustige atmosfeer in die klas te bederf en die ander maats van die wal in die sloot in te lei.

Indien die verkeerde gedrag oor en oor en oor herhaal word, sal die ouers gekontak word vir 'n onderhoud, om vas te stel wat die moontlike oorsake van die wangedrag kan wees.

Na afloop van so 'n gesprek word 'n plan van aksie bespreek om die gedrags probleem op te los.

Wanneer 'n kind se gedrag na spel-of arbieds terapie verbeter en die kind mooi inskakel by die klas program is die probleem opgelos.

Indien die kind se gedrag nie dramaties verbeter nie, en die klas en groeps dinamika word steeds te erg ontwrig, sal die ouers versoek word om die maatjie na 'n ander skool te skuif.

# Foto's en Video's:

Die toestemmingsbrief in die aansoekboek, wat u as ouer voltooi, gee Nebulae toestemming om video's en foto's wat deur die loop van die jaar geneem word te mag gebruik vir die volgende:

- Nebulae webwerf,
- Nebulae se Facebook-blad en
- Instagram
- Vir gebruik op ons ouer-inligting blad en
- Om by vergaderings aan ouers te wys hoe die kinders werk en hoe die Montesssori metode in aksie lyk.
- Indien u as ouer nie instem/toestemming gee vir die gebruik van foto's nie, sal ons dit respekteer en glad nie u kind afneem nie.

Ons wens dit was moontlik om 'n professionele fotograaf voltyds in diens van Nebulae te kon aanstel. Ons beleef daagliks die ongelooflikse oomblikke saam met die kinders en sal die atmosfeer bederf as ons elke keer 'n kamera te voorskyn bring om die kleingoed af te neem.

Soms is ons baie gelukkig en kan ons van die oomblikke afneem sonder om die kinders te pla-ons deel hierdie foto's en video's graag met die ouers.

# Fooie:

Warren Buffet se**:** ***"Price is what you pay, value is what you get."***

Om fooie billik te hou bly 'n uitdaging.

Wanneer jy 'n motor koop betaal jy ekstra vir elke 'spec': outomatiese ratkas, elektriese vensters,leer sitplekke, sentrale sluitstelsel, ABS remme ens. ens. ens.

Dieselfde beginsel geld by 'n skool, vir elke ekstra behoefte/diens waaraan die skool moet voldoen is daar 'n definitiewe koste implikasie.

### *Ouers se behoeftes:*

- Klein klassies, intensiewe individuele aandag, briljante opvoedkundige program.
- Mooi, netjiese opvoedkundige apparaat.
- Heerlike voedsame kos.
- 'n Ruim goedtoegeruste speel-area met genoeg klim en klouter apparaat.
- Liefdevolle, opgeleide, geduldige, toegewyde personeel en versorgers.

### *Personeel behoeftes:*

- Die Nebulae STER-span wil graag met klein groepies kinders werk, individuele aandag gee, in 'n goed toegeruste Montessori leer omgewing funksioneer, gereeld opleidings werkswinkels ontvang, Montessori konferensies bywoon, billike ure werk, goeie salarisse verdien, genoeg tyd hê om nuwe apparaat voor te berei en aministratiewe take af te handel. Gereelde vakansies /blaaskanse geniet vir emosionele herlaai.

### *Skool behoeftes:*

- Nebulae wil graag aan al die ouers en personeel se behoeftes voldoen, die terrein en geboue in stand hou en 'n omgewing bied wat die beste is vir groeiende kinders se ontwikkeling.

Al die verskillende behoeftes impliseer kostes. Met bogenoemde in ag genome, poog Nebulae om die skool fooie steeds billik en bekostigbaar te hou. Nebulae se skoolfooi word vir **12 maande** van die jaar gehef. Ouers is welkom om vooruit te betaal indien hulle oor 'n 11 maande tydperk wil betaal en dus nie in Desember 'n skoolfooi hoef te betaal nie.

### *Apparaatfooi:*

Om die Montessori onderrig-metode effektief toe te pas vereis die gebruik van spesiaal ontwerpte Montessori opvoedkundige apparaat. Hierdie apparate is pragtig ontwerp en duursaam. Ongelukkig moet van die apparaat gereeld vervang word as gevolg van herhaaldelike daaglikse gebruik of dele wat verlore raak of breek.

Nebulae hef 'n apparaatfooi om 'n deel van die uitgawe te dek.

# Gedragsprobleme:

Dit gebeur ***soms*** dat gedragsprobleme by 'n kind voorkom. Die gedrag kan voorkom as gevolg van:

- Ontwikkelings-agterstande.
- Veranderende omstandighede tuis-geboorte van 'n nuwe baba, verhuising,'n ouer wat uitstedig is of 'n verandering in gesinsdinamika.
- Gebrek aan konsekwente dissipline tuis.
- Moeilike huislike omstandighede.
- Blootstelling aan onbehoorlike gedrag wat dan by die skool herhaal word.

Gedragsprobleme beïnvloed al die kinders in die skool en veroorsaak groot probleme, nie net vir die ander kinders nie, maar ook vir die personeel wat so 'n kind moet hanteer.

Indien 'n kind wat reeds mooi ingeskakel is, skielik probleem gedrag openbaar, sal ons die ouers kontak om vas te stel of enige iets tuis verander het. Gewoonlik verskaf so 'n gesprek baie insig en met aanpassings aan die skool en ouers se kant kan die probleem gedrag baie gou aangespreek word/opgelos word.

Indien 'n kind steeds hom/haarself ernstig wangedra, sal die ouers daarvan in kennis gestel word en verdere moontlike oplossings bespreek word. Terapie sal aanbeveel word en

indien daar nie noemenswaardige verbetering in die kind se gedrag is nie, sal die ouers versoek word om die kind asseblief met onmiddellike effek uit die skool te haal.

Indien die kind vir terapie gaan en daar is 'n noemenswaardige verandering in die kind se gedrag sal die skool help en ondersteun.

# Geskeide ouers, enkel ouer-gesinne:

Vir kinders om optimaal emosioneel en akademies te funksioneer is dit van kardinale belang dat **albei ouers, ten alle tye, die kind se beste belang op die hart dra,** ten spyte van die verbrokkeling van die huweliksverhouding en die emosionele onmin tussen die partye.

Nebulae respekteer albei ouers se regte en belange en kan nooit kant kies nie. Vorderingsverslae, nuusbriewe en kommunikasie sal aan albei ouers gestuur word/beskikbaar gestel word.

Indien 'n geskeide ouer Nebulae inlig dat die ander party toegang tot die skool geweier moet word, moet 'n afskrif van so 'n **wettige hofbevel** aan die kantoor oorhandig word. Nebulae en die personeel, kan nie by enige wetlike dispute tussen ouers betrek word nie. Indien daar nie 'n wettige hofbevel/ beskermingsbevel ingedien is nie, mag ons nie een ouer toegang tot die skool weier nie.

Indien daar onmin tussen die partye is wat 'n effek op die kinders se emosionele funksionering het, sal aanbevelings gemaak word na maatskaplike werkers, spelterapeute of die gesinsadvokaat wat kan ondersteun met oplossings.

Indien die konflik tussen die betrokke partye van so aard is dat Nebulae benadeel/betrek word, sal die oues versoek word om eers hul kinders tuis te hou en eers die probleme op te los ,en dan terug te keer sodra daar weer harmonie en vrede is.

# Goeie maniere en etiket:

'n Integrale deel van die Montessori opvoedkundige metode is die aanbieding en toepassing van goeie maniere en etiket. Ons fokus op 'n daaglikse basis om die kinders hiermee te ondersteun. Goeie maniere is 'n lewensvaardigheid wat kinders van kleins af moet aanleer om effektief as volwassene te kan optree en 'n waardevolle bydrae tot die samelewing tewer.

# Halfdag en Voldag

### *Halfdag:*

- Tye - 07h00 tot 13h30
- Die maats in die Blou klas mag tot 14h00 bly vanwee hul slaap roetine.
- Halfdag maats kom nie gedurende skole-vakansies skool toe nie.

### *Voldag:*

- Tye – 07h00 tot 16h00
- -07h00 tot 17h00
- Voldag maats kom die hele jaar skool toe behalwe die September/Oktober vakansie en die Desember/Januarie vakansie.
- Voldag maats kan enige tyd tussen 13h30 en 17h00 opgelaai word.

# Inenting:

Ons versoek ouers om kleuters eerder in die middae te neem vir inentings. Indien ouers slegs in die oggend 'n afspraak kan kry, **mag die kleuter nie na die inenting skool toe kom nie**. Nie al die kleuters reageer dieselfde na 'n inenting nie, en ons is baie bang dat die kleuter koorsig gaan word na die inenting en dan moet die ouers weer gekontak word om die kleuter te kom haal.

# Instappies:

Daar word van tyd tot tyd instappies gereel. 'n Instappie behels 'n opvoering wat by die skool aangebied word. Soms is die instappie bekostigbaar en kan Nebulae die hele uitgawe van die instappie dek, soms sal 'n deel van die uitgawes vir die instappie van die ouers gevra word.

# Joghurt:

Ons maats eet elke middag na rus/slaaptyd 'n houertjie joghurt wat ons ouers saamstuur.

Stuur asseblief u kind se gunsteling joghurt op 'n **Maandag** skool toe. 5 houertjies **elkeen gemerk met u kind se naam**. Maandae oggende verdeel ons die joghurt in 5 verskillende skinkborde, een skinkbord vir elke dag en dit word so in die yskas gebêre.

Indien u vergeet om Maandag die joghurt saam te stuur, MOET u asseblief Dinsdag oggend die gemerkte joghurt uit die kind se tas uithaal en **aan die personeellid by die hek oorhandig**.

**Moet asseblief nie die joghurt in U kind se tas sit nie, die juffrouens gaan nie elke dag deur al die kinders se tasse om te sien wie het wat gebring nie, en die joghurt sal dan weer teruggaan huistoe.**

# Kennis gee uit skool:

Indien u verhuis of kleuter wil skuif na 'n ander skool, vereis Nebulae 'n **kalender maand kennis,** (dws. Kennis moet op die 1ste van 'n maand gegee word). Die deposito wat betaal is met inskrywing sal as die kennis maand se fooi dien. Die kennis moet asseblief aan die begin van 'n kalender maand skriftelik per e-pos gegee word. Indien daar 'n toename in die skoofooi was sedert die Deposito betaal is, sal slegs die addisionele bedrag betaal word vir die kennis maand.

**November dien nie as 'n kennismaand nie**. Indien u, u kleuter aan die einde van die jaar wil skuif na 'n ander skool, **dws. vanaf 01 Januarie**, moet daar reeds op die 01ste Oktober kennis gegee word. Anders sal betaling nog steeds tot die 31ste Desember geld.

U kan **nie** die 01ste November kennis gee dat u kind die 30ste November die skool gaan verlaat **nie**. Indien u kleuter nie Desember terugkom skool toe nie, gaan u nogsteeds vir Desember die skoolfooi betaal (Skoolfooi minus Deposito), of u kind moet reeds die 31ste Oktober die skool verlaat, dws. die deposito word aangewend vir Oktober.

**Indien u in Desember besluit om u kleuter uit die skool te haal en die1ste Desember kennis gee, gaan die Deposito vir JANUARIE aangewend word, omdat daar nie 1 kalender maand kennis gegee is nie.**

# Klagtes en gedagtes:

## *Klagtes:*

Ten spyte van ons beste pogings om puik diens te lewer, is daar altyd plek vir verbetering of kan daar steeds insidente plaasvind wat ouers se goedkeuring nie wegdra nie, of moontlik ontstel.

Klagtes is soms = behoeftes van die ouers wat nog nie deur Nebulae aangespreek is nie.

Ouers kan ongemaklik voel om te kom 'kla' of om iets negatief onder ons aandag te bring, ongelukkig kan'n klippie in die skoen wat nie aangespreek word nie, aanleiding gee tot groter irritasie.

Om klagtes effektief te hanteer, benodig ons soveel as moontlik inligting:

- Waaroor is u as ouer ongelukkig, en hoe sal u wil hê ons die ongelukkigheid moet oplos/ verbeter/aanspreek.
- Indien daar 'n insident plaasgevind het waaroor u as ouer ontsteld is, voorsien ons asseblief van soveel as moontlik inligting: waar en wanneer het die insident plaasgevind, wie was betrokke, wat het gebeur/nie gebeur nie. Moontlik 'n naam van personeel/ander kinders betrokke.
- Soms help dit om 'n WhattsApp of e-pos te stuur met die inligting sodat die skool 'n vergadering kan hou en die insident kan ondersoek, bespreek en terugvoer aan die ouers kan gee.
- Sodra die skool al die inligting het en bespreek het, sal ons die ouers skakel en 'n vergadering belê om die insident rustig te bespreek en tot 'n oplossing te kom.

In geval van 'n klagte wat verband hou met instandhouding, verbeterings of sekuriteit sal ons voorstelle van moontlike oplossings en koste uiteensetting van die oplossing waardeer.

Indien ouers ongelukkig is oor 'n saak en by die huis, voor die kleuter, daaroor gesels, het dit soms 'n negatiewe uitwerking op die kleuter. Die kleuter se lojaliteit is verskeur en

veroorsaak verwarring by die kleuter. Die verwarring is dan duidelik in die kind se gedrag sigbaar. Kom bespreek asb. eerder u ongelukkigheid direk met ons.

### Gedagtes:

Nebulae is geseënd met talentvolle, ingeligte ouers. Ouers is welkom om oulike idees wat hulle by vriende se skole sien/hoor met ons te deel. Nebulae het al verskeie oulike gedagtes/voorstelle ge-implementeer wat ons van ouers ontvang het.

# Kleredrag:

Die kinders moet asseblief gemaklik en 'speelvriendelik'aantrek m.a.w. dra asseblief klere wat mag vuil word/nat word/vol verf word. Nebulae is 'n skool waar kinders speel-speel slim word.

Die maats is nie hier vir 'n modeparade nie, bêre asseblief die MOOI klere vir kerk, foto-sessies, uitgaan saam met mamma en pappa of kuiers by Ouma en Oupa.

Maats kom soms soggens tot groot verleentheid van hul ouers met die interessantste klere-kombinasies skool toe, ons oordeel NOOIT die ouers se kleredrag of kleresmaak volgens die kinders se klerestyl nie……ons het groot begrip vir die kleuter-modegiere, (en ons geniet die opkomende mode-ontwerpers se kreatiwiteit).

Hoewel Nebulae hul bes probeer om klere netjies bymekaar te hou en in die regmatige eienaars se sakkies te hou, raak die klere deurmekaar of verdwyn klere, na die klere-eiland toe.

Die maats kan soms op die speelgrond êrens klere uittrek wanneer hulle warm kry of lekker speel en die kledingstuk dan net daar laat lê……

**Ouers moet asseblief klere baie netjies en duidelik merk.** Die personeel kan nie altyd presies onthou wie het met watter kledingstuk soggens skooltoe gekom nie en baie seuns dra Pawpatrol/Cars of drie tot vier dogters dra op die selfde dag, presies dieselfde Frozen toppies. Indien dit nie gemerk is nie, kan daar nogal 'n probleem ontstaan.

Probeer asseblief ook tuis die gewoonte inskerp dat indien u kind sy/haar kledingstuk uittrek, die betrokke item op sy regte plek gebêre moet word, sodoende sal daar baie minder verlore klere wees, as die kind reeds in die gewoonte is om klere op die regte plekke te bêre.

Hou asseblief die Montessorri filosofie ingedagte met die keuse van die aankoop van klere, sal u kind die kledingstuk met gemak self kan aan, of uittrek? Is daar byvoorbeeld ritse, knope of vasmaak middels wat nie gou genoeg oop, of los gemaak kan word nie en dan is daar 'n onverwagse verleë glips in die badkamer of in die klas.

# Kommunikasie:

Kommunikasie vind op verskeie maniere plaas. E-posse, gesprekke (spontaan en per afspraak), WhattsApp groepe, Nebulae se Facebook blad, en inligtings vergaderings.

Duidelike kommunikasie tussen Nebulae en die STER-ouers is van kardinale belang.

Nebulae poog om die boodskappe na die ouers kort en kragtig te hou en vertrou dat die ouers die boodskappe **noukeurig** sal lees. Op hierdie manier kan ons moontlik voorkom dat dieselfde vraag oor en oor gevra word wanneer, bv. Wanneer vind die konsert plaas en wat moet wie aantrek en waar is die konsert.

## WhattsApp's:

Nebulae gebruik WhattsApp groepe om kommunikasie tussen Nebulae en die ouers te vergemaklik. WhattsApp boodskappe is baie gerieflik vir ouers wat nie deurentyd hul e-posse kontroleer nie. *Mute* asseblief die betrokke WhattsApp groep sodat dit nie 'n steurnis veroorsaak nie. Kyk dan wanneer dit geleë is, deur die boodskappe.

Daar is 'n WhattsApp groep vir elke klas, 'n ouer WhattsApp groep en 'n Omgee Ouergroep.

Die klas WhattsApp groepe word gebruik om eenvoudige reëlings deur te gee, o.a. as iemand anders 'n kind sou kom oplaai, of algemene navrae of 'n herinner aan 'n datum, tyd of reëlings.

Die Ouer-WhattsApp groep word gebruik vir meer formele kommunikasie – Nuusbriewe en interessante inligting en **slegs die kantoor** kan boodskappe op die groep plaas.

Die Ouer omgee groep is gestig sodat ouers inligting met mekaar kan deel oor oulike plekke vir die kinders om te besoek, goeie dokters, oulike programme en sommer grappe oor die vreugdes en frustrasies van ouerskap.

Dit is algemeen dat elkeen van ons op verskeie WhattsApp groepe is. Om konsiderend teenoor mekaar op te tree en nie te veel inligting deur te gee nie hou die volgende riglyne asseblief in gedagte:

- Indien daar op die inskrywingsvorm aangedui is dat Oupa Hennie die kleinding sal oplaai wanneer die ouers nie kan nie, hoef die ouers slegs die eerste keer wanneer oupa Hennie kom oplaai 'n foto te stuur en ons te herinner (en nie elke dag te sê Oupa Hennie kom die kleuter oplaai nie).

- Indien dit skielik koeler word deur die dag, sal die personeel dadelik die maats in die klasse hou en eers buitentoe neem as die weer warmer word, die ouers hoef nie te laat weet daar is 'n warm trui in die sak trek hom asseblief aan nie of trek die warm klere uit wanneer dit warm is nie. Die personeel kyk deurentyd of die maats koel/warm genoeg is. Soms wil die maats nie die warm baadjie uittrek nie en soms trek die maats die warm baadjie uit nadat 'n juffrou gevra het hulle moet warmer aantrek.

## E-posse:

Vorms wat voltooi en terug gestuur moet word, word via e-pos aangestuur.

## Gesprekke:

Personeel sal soms wanneer die ouers die kinders aflaai of oplaai dmv. 'n kort gesprek inligting of 'n insident wat die dag plaas gevind het, met die ouers deel. Daar is ongelukkig nie genoeg tyd vir die personeel om elke dag 'n lang, intensiewe gesprek met die ouers te voer nie. (Al wil ons hoe graag elke dag met elke ouer gesels). As daar kommer is oor gedrag of 'n ernstige incident wat plaasgevind het, moet ons verkieslik 'n afspraak maa ken die saak so bespreek wanneer daar 'n spesiale tyd daarvoor uiteengesit is.

### *Inligtings vergaderings:*

Nebulae nooi ouers slegs 'n paar keer per jaar om 'n inligtingsaand by te woon. Die inligtingsaande is voor die uitdeel van die vorderingsverslae en dan het ons gewoonlik ook video material van die maats in die klas omgewing om aan die ouers te wys.

### *Nebulae Facebook:*

Sosiale Media : Facebook en Instagram is 'n gerieflike platform om foto's en inligting met ouers en families te deel. In vandag se wêreld moet ons ongelukkig baie waaksaam wees teen die moontlike gevare wat daarin skuil.

Heelwat inligting / wenke met betrekking tot kinder ontwikkeling word op Nebulae se Facebook blad gedeel.

Stuur asseblief 'n 'friends request' om toegang te kry tot hierdie inligting.

### *Kontakbesonderhede:*

Verwittig ons asseblief so gou as moontlik indien u telefoonnommer of e-pos adres verander.

# Konserte:

Nebulae hou aan die einde van die jaar 'n eindjaar konsert. Die konsert word ge-inspireer deur een of ander tema wat ons deur die jaar behandel het wat die maats buitengewoon geniet het, of 'n aanbeveling van 'n ouer.

Die konsert bied aan ons kinders die geleentheid om 'n hele paar nuwe vaardighede te ontwikkel.

# Kopluise:

Dit gebeur van tyd tot tyd dat van Nebulae se maats blootgestel word aan die "klein-kriewelrige gedoentetjies".

Wanneer ouer boeties of sussies reeds by 'n laerskool ingeskryf is en daar breek 'n kopluis-epidemie by die betrokke Laerskool uit, versprei dit maklik kleuterskool toe. Ter voorkoming van 'n kopluis epidemie by Nebulae, sal ons al die ouers in kennis stel indien kopluise op 'n maatjie se kop ontdek word, dan kan almal voorkomend optree. Ons stuur dan ook die betrokke maat se beddegoed, matrassies ens, huistoe vir behandeling. Ongelukkig moet

die maat dan tuis bly totdat al die luise en neute uit die hare verwyder is. (dit is nogal 'n omvattende proses om permanent van die onwelkome gaste ontslae te raak).

Kopluise is nie meer soos in die verlede 'n ongelooflike verleentheid en 'n aanduiding van swak higiëne nie. Dit is nogal algemeen waar baie kinders bymekaar is. Sommige ouers tree voorkomend op en was maar gereeld hul kleuters se hare met "luis-sjampoo".

# Laat kom:

### *Laat kom Soggens:*

In die ideale wêreld is daar :

- nooit verkeers opeenhopings nie,
- geen motor ongelukke nie,
- al die robotte is in werkende toestand,
- al die motor voertuig bestuurders is beleefd, bly by die reëls en maak toegewings,
- die kinders staan ook met 'n glimlag op, eet hul kos en stry glad nie oor die klere wat hulle wil aantrek nie.......... en wil nie op die laaste nippertjie gou badkamer toe gaan en dan eers tande borsel nie.

Indien bogenoemde toestande nie elke dag van toepassing is in u huishouding nie, mag dit gebeur dat 'n gesin **soms** soggens laat by die skool kom. Hierdie uitsonderings is 100% te verstane.... **MAAR**

Laatkom op 'n gereelde basis veroorsaak:

- die maatjie mis die oggend groot-motoriese program,
- die maats mis van die groep-aanbiedings en inligting,
- sosiale inskakeling word beïnvloed.

Soos wat volwassenes soggens eers gou bietjie gesels en nuus uitruil voordat die dagtaak begin, het die ou klein lyfies presies dieselfde behoefte, hulle hoor net gou wie het watter episode van Paw-partrol gekyk, watter mooi drome het wie gedroom ens. Wanneer 'n kind op 'n gereelde basis laat kom en hulle nie die geleentheid het om eers 'n bietjie te gesels nie, sukkel so ou kleintjie om tot ruste te kom en sosiaal in te skakel.

Die laatkommertjie neem dan amper die hele apparaattyd om sosiaal in te skakel en 'verloor' 'n dag se slim word (apparaatwerk).

Probeer asseblief om nie laat te wees soggens nie, veral nie op 'n Maandag wanneer al die joghurt en linne uit gesorteer moet word nie.

### *Laat kom in die middag: (na 17h00)*

Die dag is nogal lank vir die ou klein lyfies en vir die Ster span, wat reeds van 07h00 op hul pos is.  Meeste voldag-ouers kom laai hul kleingoed op tussen16h00-16h30.

Die maats het 'n interne bewustheid van wanneer hulle ouers hulle kom oplaai: na joghurttyd, vrugtetyd of koekie tyd. Indien ouers later as gewoonlik kom, raak die kleintjies baie onrustig, angstig en erg emosioneel.

Wanneer ouers vroegtydig laat weet hulle gaan laat wees, kan ons die kleinding gerusstel en verduidelik mamma/pappa gaan later kom, die verkeer is erg, mamma/pappa kan nie vinnig ry nie, dit is hoekom hy/sy laat is, dan is die maatjie rustiger.

Ons wil ouers aanmoedig om ter wille van u kleuter se emosionele welstand, u kleuter asseblief elke dag betyds op te laai.

Soms is daar 'n misverstand tussen die ouers oor wie se beurt dit is om te kom oplaai en dan sien hulle eers die kind is nog by die skool as albei ouers 18h00 tuiskom. Albei ouers se fone is dan af en kan nie in die hande gekry word nie.

Ons dag program is intensief, en al is hoe toegewyd is ons teen 17h00 poot-uit gespeel. Wees asseblief konsiderend teenoor die personeel en wees betyds.

**'n Boete vir laatkom sal gehef word: R100 vir elke 5 minute laat. Die geld sal op die ouer se faktuur gevoeg word.**

# Ontwikkelings-agterstande:

- Wanneer 'n ontwikkelings agterstand by 'n kind ge-identifiseer word, sal die kind eers noukeurig waargeneem word, dan sal ons 'n afspraak met die ouers maak oor moontlike oplossings en terapie aanbeveel.
- Soms is die ontwikkelings agterstand gering en kan dit maklik opgelos word. Indien die ontwikkelingsagterstand ernstig is, sal die ouers versoek word om indringende terapie te begin. Die kind se vordering sal gemonitor word.
- Wanneer die ontwikkelingsagterstand gedragsprobleme veroorsaak en daar min of geen hulp en ondersteuning van die ouers se kant af is nie, is die skool se hande afgekap, en sal die ouers gevra word om eerder die kind na 'n ander meer gepaste skool te neem.

# Oorskuif na 'n volgende groep:

Nebulae neem die volgende in ag wanneer daar oorgeskuif moet word:

- Fisiese ouderdom,

- Emosionele ontwikkeling,
- Akademiese vordering,
- Sosiale dinamika en –interaksie.

Soms is 'n kind fisies en akademies gereed om oor te skuif na die volgende groep maar sosiaal en emosioneel het die kind nog 'n bietjie tyd nodig voor die skuif.

Soms is daar 'n besondere sterk band tussen 'n groep maats en ons wil die groep in geheel oorskuif, maar een maatjie moet net nog 'potty', dan wag die hele groepie.

Ons sal die oorskuif beplanning met die ouers kommunikeer.

# Oplaai riglyn:

### *Half-dag maats:*

Half-dag maats word tussen **12h00 en 13h30** opgelaai.

Voldag maats word tussen**13h30 en 17h00** opgelaai.

Indien 'n persoon die kleuter oplaai wat nie op die inskrywingsvorm aangedui is nie, moet die ouers asseblief die skool verwittig en 'n foto op die groep WhattsApp van die persoon wat kom oplaai.

Dit het al gebeur dat hier groot verleentheid is wanneer die personeel eers die ouers moet skakel en toestemming kry of die 'vreemdeling' mag oplaai……dan was die ouma/oupa al so vies oor ons wantroue en die tyd wat ons mors, dat hulle al blosende sommer die perseel verlaat het en ons baie verleë aan hulle moet erken dat hulle wel die kind mag oplaai.

***Ouer boeties en sussies wat by die skool inkom, moet asb. nogsteeds die skool se reëls gehoorsaam.***

# Ouerbetrokkenheid:

Indien ouers die Montessori opvoedkundige filosofie en beginsels tuis toepas komplimenteer die ouerskapstyl die skool onderrig en vorder die kinders briljant. Ons ouers se emosionele betrokkenheid en toewyding tot hul kinders se ontwikkeling is van kardinale belang.

# Paasfees viering:

Tydens Paastyd sing ons die mooiste Paasliedjies oor Jesus se lewe. Ons begeerte om die werklike Paas boodskap vir ons kinders oor te dra het aanleiding gegee tot ons Paasfees viering. Net die maats in die Geel-en Gr.R klasse neem deel aan die Paasfees viering (konsert).

# Parkeer-area:

Ry asseblief **TEN ALLE TYE** "skilpad spoed": **BAIE STADIG,** in die skool se parkeer-area, ter wille van die Ster-maats se veiligheid.

Die oplaai en aflaai bied 'n uitstekende geleentheid om padveiligheid in te skerp by die kinders.  Wanneer die maats uitklim, moet hulle langs die motor wag met hul handjie wat raak aan die motordeur. Ouers moet kinders elke dag wys: kyk links, regs en weer links voordat die pad oorgesteek word.  Dieselfde geleentheid is daar met oplaai: Kinders moet op die trappie by die uitgangshek wag, kyk regs, links en weer regs voordat die 'pad' oorgesteek word.

Maats kan maklik opgewonde raak en na 'n ander maatjie toe hardloop en voor 'n voertuig beland. Wees asseblief op die uitkyk vir ons klein-kort-onsigbare voetgangertjies.

Om die parkeer-area nie te verstop nie, laai asseblief die kleinding af, groet en vertrek. 'n Langdurige geselsery (al is dit hoe lekker) met die ander ouers en personeel veroorsaak 'n tekort aan parkeerplekke in die parkeer-area (veral spitstyd soggens vanaf 07h20 tot 07h50).

Indien u graag laaaaang geselsies met een van die ander stunning ouers wil aanknoop, parkeer asseblief buite die skoolterrein en kuier daar.

Wees asb. konsidererend wanneer u parkeer, moet asb. nie parallel met die ingangshek parkeer nie. Parkeer asb. u voertuig se neus diep genoeg in sodat ander motors by u kan verby ry.

Gebruik ALTYD die ingangs hek om in te kom en die uitgangs hek om uit te gaan, al is dit nie op en af laai tye nie.  Die sekuriteitswag is daar om die hekke oop en toe te maak.

Indien u 'n sleepwa, karavaan of boot sleep, parkeer asb. buite op die sypaadjie.

# Personeel:

Nebulae is geseënd met toegewyde, liefdevolle, geduldige en entoesiasties personeel. Van ons personeel het hul Montessori diploma's verwerf deur Montessori Centre South Africa en van ons assistent personeel kry indiens opleiding.

# Persoonlike versorging:

Kinders moet asseblief baie netjies en skoon skooltoe gestuur word. Hare gewas, geborsel en netjies uit die gesiggie vasgemaak of vasgesteek met 'n knippie (dogtertjies). Tandjies geborsel, naels kort geknip en mooi skoon. Klere moet asseblief skoongewas wees. KInders wat netjies versorg is, het sommer meer selfvertroue en funksioneer beter.

# Pouse versnapperinge:

Ouers verskaf 'n gesonde peuselhappie vir pouse bv 'n kombinasie van toebroodjies, droë wors/biltong, kaas, groente en of vrugte. Die inhoud van die kosblik sal afhang van die kind se voorkeure, die gesin se eetpatroon ens.

Aanbeveling: Kyk asseblief met die aankoop van die kosblik en die saphouer, dat dit moontlik is vir die kind, **om self die kosblik en saphouer oop te maak**. Die saphouer moet asseblief ook dig sluit om 'n lekkasie in die tas/tas rakkie te voorkom. Indien u 'n vrug stuur bv.'n nartjie, skil asseblief tuis reeds die nartjie af en verdeel die skyfies in die kosblik.

Ter wille van goeie higiene wil ons asb ook vra dat vrugte enige eetgoed wat in 'n enkel verpakking is bv. droe vrugte stafies/kaaswiggies-sny asb net die bokant oop sodat die kindjie dit maklik self kan uithaal.

# Privaatheids Beleid – POPI A:

Volgens POPIA beteken persoonlike inligting inligting met betrekking tot 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon of 'n identifiseerbare regspersoon (data-onderwerpe).

Nebulae Kleuterskool CC beoog om 'n veilige, ontwikkelingsgeskikte omgewing vir kinders van 0 tot 6 jaar te bied, daarom benodig ons 'n groot hoeveelheid sensitiewe persoonlike inligting.

Ons is daartoe verbind om die privaatheid van al ons dataonderwerpe te beskerm en te verseker dat die persoonlike inligting wat versamel word, behoorlik, wettig en deursigtig gebruik word, slegs vir die doel waarvoor dit benodig word.

Nebulae Kleuterskool het 'n **Privaatheidsbeleid** "Privacy Policy" saamgestel.

Die doel van hierdie beleid:

1. Beskerm die veiligheid en privaatheid van ons kinders, ouers en personeel se inligting.

2. Voldoen aan die Suid-Afrikaanse Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA).
3. Beskerm Nebulae Kleuterskool CC teen regsrisiko's.
4. Sorg dat die reputasie van die Nebulae Kleuterskool, die personeel en die ouers beskerm word.

Hierdie beleid sal geïmplementeer, onderhou en bygewerk word deur:

**Inligtingsbeampte:**

Nebulae Kleuterskool CC, verteenwoordig deur:

Naam: JPG Klopper Aanwysing: eienaar en skoolhoof

Kontakbesonderhede: +27829206654

E-pos: nebulaester@gmail.com

# Rook:

Nebulae se skoolterrein en parkeer-area is ‘n rookvrye sone.

# Reën:

Reën is ‘n absolute lafenis vir ons sonnige land. Indien dit soggens reën word die maats by hul onderskeie klasse afgegee en nie buite op die speelterrein soos gewoonlik nie. Die tasse sal ook in die middag in die tas-rakkie wees ipv. onder die lapa, buite. Die kleuters hou baie daarvan om met ‘n sambreel by die skool in te loop wanneer dit reën.

Ongelukkig het BAIE van die maats presies dieselfde sambreel en raak die sambrele weg. Met die aanhoudende oop- en toemaakvan die sambrele trek die sambreel punte lose n steek die gevaarlike puntjies uit wat baie maklik na beserings kan lei.Maats mag tot by die klasse met die sambrele loop, mamma/papa moet dan asb. die sambreel **terug neem kar toe** tot vanmiddag wanneer die maat opgelaai word.

# Siek wees/Medikasie:

Die oorgrote meerderheid kinders wat by Nebulae ingeskryf word se ouers werk voltyds/halfdag. Ons personeel besef dat dit vir ouers soms baie moeilik is om op kort kennisgewing hul kind by die skool te kom haal indien die kind siek word.

**MAAR:**

**Die personeel sal nie net met die eerste oogopslag, of wanneer 'n kind die eerste keer kla dat hy/sy nie lekker voel nie, die ouer/s kontak om hom/haar te kom haal nie.**

Ons het al die kuns bemeester om te onderskei tussen 'n manipulerende "ek voel nie lekker nie….' en werklike ongesteldhede.

Ons wil regtig nie die ouers onnodig verwittig nie, maar as 'n mens soms te lank wag kan daar geweldige ernstige implikasies wees, koorsstuipe ens.

Om 'n gesonde omgewing vir almal (kinders en personeel) te verseker: Sal ouer/s onmiddelik geskakel word wanneer u kind:

- 'n koors van 37,5 grade of hoër toon,
- u kind "opgooi" of diarieë het.
- enige vloeistof uit 'n oor loop,
- rooi oog/oë, of vloeistof uit oog/oë loop,
- enige vel uitslag opgemerk word, (vel ekseem uitgesluit)
- enige uitermatige tekens van verkoue of siekte opgemerk word.

Indien 'n kind siek was, word ouers versoek om daardie kind by die huis te hou totdat die kind vir **24 uur simptome vry was, SONDER MEDIKASIE**. Medikasie onderdruk simptome en wanneer die medikasie uitgewerk is, kom die simptome weer terug. Wanneer so 'n kind dan by die skool is, steek hy/sy die ander maats en personeel aan en versprei die kieme baie vinnig en dan sit die skool met 'n krisis indien die personeel ook siek is en by die huis moet bly.

Wanneer 'n kind 'n **aansteeklike siekte** onderlede het, moet die skool onmiddelik in kennis gestel word.

Indien daar medikasie/antibiotika vir 'n kind voorgeskryf word, moet ouers asb. vir die dr. vra vir 'n antibiotika wat slegs **2 keer per dag** toegedien kan word (voor skool en in die aand). **Volgens SA wetgewing mag slegs 'n geregistreerde Suster medikasie by skole toedien.**

**Geen medikasie, homopatiese middels, neus sproeie, vitamines of stropies mag deur die personeel toegedien word nie.**

**Geen medikasie of salf mag in 'n kind se tas geplaas word nie.** (soms gaan 'n kind by 'n ouma/oupa oorslaap en word die medikasie vir die aand benodig). In hierdie geval moet die medikasie by die kantoor ingehandig word, binne in 'n deursigtige plastiek sakkie wat dig seel met kind se naam en van op. **Dit is die persoon wat die kind kom oplaai se verantwoordelikheid om die medikasie dan by die kantoor af te haal.**

# Skooltye:

- Die skool open in die oggende om **07h00.**
- Halfdag maats gaan **tussen 12h00 en 13h30** huis toe.
- Voldag maats gaan tussen **13h30 en 17h00** huis toe.

# Slaap:

D.F Malherbe skryf: *"Wat is die slaap 'n wondersoete ding!"*

Kleuters stem nie met hierdie stelling saam nie. Volgens ons dagprogram slaap die maats na middag ete. Die maats word in twee groepe ingedeel, die wat wil slaap en die wat allergies is vir slaap. Die slapertjies gaan slaap op hul matrassies na middag ete in die Pers klas en wanneer hulle wakker word geniet hulle hul joghurt.

Die "allergiese vir slaap" groep bly na middag ete bo by die buite klas. 'n Spesiale area is vir hulle ingerig waar hulle baie rustig met opvoedkundige speelgoed kan speel, lees, legkaart bou en blokkies speel totdat dit tyd is vir joghurt.

# Sonbeskerming:

Nebulae is geseend met 'n skaduryke speelarea. Daar is hier en daar speel-areas sonder skadunet of 'n blaredak. Ons wil graag die ouers aanmoedig om asseblief tydens die warm somermaande reeds tuis sonblok aan te wend. Die skool sal gedurende die middag sonblok aanwend.

Die dra van hoedjies moet asseblief ook aangemoedig word tuis, by 'n swembad, tydens uitstappies of by die see en by die skool. (merk asb. die hoed)

# Sosialisering:

Vir sommige maats is dit baie belangrik om eers so bietjie in die oggende met hul maats te speel en te gesels voordat hulle met die dag se skool begin. Indien hulle dan "laat" (na 08h00) by die skool aankom, is hulle dag sommer deurmekaar en is die maatjie omgekrap vir die res van die dag omdat daar nie genoeg tyd was om te kuier die oggend nie. Vir hierdie klein lyfies is die sosiale dinamika 'n baie ernstige saak.

Die Montessori opvoedkundige metode bied ongelooflike geleenthede om tydens klastyd heerlik saam te werk en pouses en in die middae sosiaal te verkeer. Die klem op goeie maniere en respek bied geleenthede vir die maats om mekaar deurentyd met agting te behandel.

Fisiese afknou word voorkom maar die mondelingse afknou kan soms deurglip bv. wanneer maats speel en die een wil nie vir die ander een gou genoeg 'n grafie/bal/kleurkryt aangee nie, hoor ons baie gou "Jy is lelik met my, jy mag nie meer na my partytjie toe kom nie!" Hierdie tipe opmerking kan lei tot ongelooflike hartseer. Ons het 'n baie spesiale manier waarop hierdie soorte uitlatings hanteer word om die vrede weer te herstel.

Die maats se sosialisering verskil nogal:

- Die rustige denne boompies is tevrede om net te kyk, totdat hulle besluit het met wie hulle wil speel. Hulle is nooit by enige onderonsies betrokke nie en bewaar nogal die vrede.

- die spontane palmpies speel met alle maatjies en betrek sommer al die juffouens by hul spel. Hierdie ekstroverte draai almal om hul pinkies en het nooit 'n tekort aan maats nie.

-die ambisieuse roosbome neem die voortou en verduidelik aan almal wie speel met wat. Hulle kan hulself soms isoleer met hul voorskriftelike gedrag.

-die perfeksionistiese sierboompies verduidelik net heeltyd wie kom watter reel nie na nie en gaan speel later uit moedeloosheid alleen in die sandput.

# Speelgoed:

Speelgoed veroorsaak ongelooflike kopsere by die skool. Om 'n speeding saam te bring skool toe ***klink so onskuldig en eenvoudig***, die realitiet is, ALMAL wil gelyktydig na die speelding kyk en met die speelding speel, daar word dan luidkeels protes aangeteken indien iemand die speelding of nie kan sien nie of nie 'n beurt kry om daarmee te speel nie. In 'n poging om regverdige beurte te verseker, word die personeel skeidsregters wat moet probeer om wet en orde te handhaaf met die speelding.

Ander maats wil weet waarom die skoolreëls oortree word en die res van die maats bring die volgende dag ook speelgoed saam, om die speelgoed by hul regmatige eienaars te hou en te keer dat dit nie gebreek word nie, is 'n enorme taak op sy eie. Daarom voorkom ons die tameletjie en vra vroegtydig. **Geen speelgoed nie, ASSEBLIEF!**

# Spyskaart:

Nebulae het gedurende die jare al 'n verskeidenheid spyskaarte probeer om die verskillende kinder-eet-giere te akkomodeer wat so gesond as moontlik is. Huidiglik is die spyskaart as volg:

### *Ontbyt:*

Ontbyt wissel tussen Wit-mielie pap en "Sjokolade-pap"- Matabella-pap met melk, of sonder melk vir die met allergië. Geen suiker word oor die pap bedien nie.

### *Middag ete:*

- Maandag : Macaroni en kaas en komkommer
- Dinsdag : Rys & maalvleis met gemengde groente
- Woensdag : Herderspastei
- Donderdag : Rys en Vleis met gemengde groente
- Vrydag : Spaghetti & maalvleis

### *3 uur Vrugte-tyd*

Ons verskaf aan die voldag maats gesnyde vrugte wat in daardie seisoen voorkom vir 'n laat middag-happie.

### *4 uur Koekie-tyd*

Ons verskaf aan die voldag maats "Marie-beskuitjies"- en sap in die somer en Rooibostee in die winter.

# Taal gebruik:

Nebulae is 'n Afrikaanse Montessori skool en ons probeer ten alle tye suiwer Afrikaans te praat. Dit gebeur soms dat 'n maatjie hoor wanneer 'n ouer vir 'n taxi verduidelik waar of hoe hulle nie moet ry nie en dan glip die "taxi woordjies", tydens speeltyd hier by die skool uit.

Indien "taxi woorde" te veel gebruik word, sal ons vir die maats verduidelik dat dit 'n lelike "doringwoord" is wat ons nie moet gebruik nie. Indien 'n kind te veel "doringwoorde" gebruik, sal ons 'n aanbieding doen van ons spesiale "vloekpoeier". Vloekpoeier brand 'n mens se mond skoon en dan kan daar nie meer doringwoorde uit jou mond uitkom nie.

(Ons het seker net een keer per jaar nodig om die vloekpoeier demonstrasie te doen). Tannie 'Honie en juf. Petro doen die vloekpoeier demonstrasie en die toneelspel tydens die demonstrasie is Oscar gehalte. Eno's wat gemeng is met paprika lyk woes erg en dit oortuig al die maats om net BLOMwoorde te praat.

Ons verduidelik hierdie "Doringwoord/Blomwoord" beginsel, want ouers kom vra gou wat is vloekpoeier wanneer hulself 'n doringwoord gebruik en die kind spreek die ouer aan dat die ouer 'n dosis vloekpoeier sal kry om hul monde skoon te brand……….

Woorde wat ook as doringwoorde geklassifiseer kan word is woorde wat maats se harte seer kan maak- jy lyk nie mooi nie, jou hare is deurmekaar, jy is nie so sterk soos ek nie…sulke beledigende opmerkings veroorsaak ongelooflike hartseer en verdriet, en ons ontmoedig die afbrekende taalgebruik.

# Telefoon oproepe:

Vanwee die aard van 'n kleuterskool se intensiewe toesig en versorging van die kinders is die beantwoording van telefoon oproepe deur die personeel selde geleë.

Die personeel beantwoord **nie** hul fone tusen **08h00-10h00** en **11h00-12h00** nie.

Stuur asseblief eerder 'n WhattsApp boodskap wat beantwoord kan word wanneer die tyd meer geleë is.

Indien die oproep ernstig is skakel asseblief eerder die kantoor direk om reelings te tref.

# Tema's:

Die tema van die week word op die klas-WhattsApp-groep aan die ouers deurgegee. Op die manier kan ouers maklik 'n gesprek met die kind aankoop oor wat by die skool gebeur. Ouers is welkom om tuis ook inligting oor die tema met die kind te deel.

Ons probeer om weekliks 'n liedje en rympie wat by die tema pas by te voeg. Herhaal asseblief die rympie tuis vir spraak- en taal ontwikkeling.

# Temperamente:

Nebulae neem Hettie Brittz se temperamente in gedagte wanneer ons die kinders hanteer. Ons beveel aan dat ouers hul kleuters se tempramente sal ken.

# Troeteldiere:

Ons het al in die verlede toegelaat dat die maats hul nuwe troeteldiere skooltoe bring om vir die ander maats en personeel te om wys. Dit is 100% reg wanneer baba katjies en klein baba hondjies skool toe kom om gewys te word.

**MAAR:**

Ongelukkig wil van die ander maats ook hul oulike troeteldiere kom wys, volgroeide Staffordshire terriers, Dobermans, Rottweilers ens. Ons moes toe ongelukkig die troeteldier reeling wysig om moontlike beserings te voorkom.

Troeteldiere mag net gebring word om gewys te word as hulle baie jonk of fisies klein is.

Die maats kan vir die juffrouens foto's stuur/bring van hul troeteldiere.

# Tye:

## *Skooltermyne:*

Nebulae volg die openbare skool termyn vir Gauteng.

Ons begin op die Dinsdag, naaste aan die 10de Januarie en sluit die Vrydag naaste aan die 10de Desember.

Nebulae sal gesluit wees op 'n Maandag indien daar 'n openbare vakansiedag op die Dinsdag val en dieselfde geld vir Vrydae indien die openbare vakansiedag op 'n Donderdag val. Die middag voordat die paasnaweek 'n aanvang neem, sal Nebulae om 14h00 sluit.

Nebulae sal gesluit wees vir middel week in die Junie/ Julie winter vakansie.Die datum sal aan die begin van die skooljaar deurgegee word.

Nebulae is vir die **September/Oktober** vakansie gesluit vir beide Voldag en Halfdag maats.

## *Skooltye:*

Nebulae is vanaf 07h00 oop en sluit 17h00.

# Uitsonderings:

Kinders floreer in 'n kalm, rustige omgewing met 'n voorspelbare roetine, ons doen daagliks ons bes om deur goed georganiseerd te funksioneer,'n kalm rustige omgewing vir die kinders se optimale ontwikkeling te skep.

Uitsonderings behels dokters afsprake, arbeids-of spraak terapie, swem klasse ens waar kinders op ander tye opgelaai moet word as die normale tye.

In die geval van enige uitsonderings;

- stuur asseblief soggens voor 08h00 'n boodskap oor enige alternatiewe reelings deur die dag

As ons reeds voor 08h00 kennis dra van al die uitsonderings kan die personeel die uitsonderings koordineer en dan verder rustig aangaan met ons primere versorgings taak.

# Veiligheid:

Om veiligheid in Gauteng te bewerkstellig is geen maklike taak nie. Voorsiening moet gemaak word vir 'n horde moontlike scenario's en dan uitoorlê die boewe steeds die wetsgehoorsame burgers.

Nebulae probeer voorkomend optree tov. veiligheid:

- Ons het 'n permanente veiligheidswag by die ingangs motorhek om ongemagtigde toegang te voorkom.
- Die CCTV kamera's word dopgehou en ons kan uit die veiligheid van die kantoor onregmatighede waarneem en vroegtydig daarop reageer.
- Ons is met ZELLO verbind en kan so hulp ontbied, (ambulans / reaksiedienste),
- Nebulae is ook toegerus met 'n alarm om in geval van nood, die maats te ontruim. Ons 'speel' dan die stil speletjie sodat niemand weet ons is in die klas nie.

Daar is twee ernstige veiligheid scenario's waar ons almal ekstra waaksaam moet wees:

- Soggens en smiddae met op-en aflaai tyd vir grypdiewe en moontlike motorkapings,
- Onregmatige toegang om besittings te steel van die skool/ouers en ontvoering van 'n kind.

Ons poging om veiligheid te bewerkstellig is as volg:

**Toegang tot die perseel tydens op-en aflaai tyd:**

- Tydens aflaai tyd soggens is albei hekke oop vir die gemaklike vloei van die verkeer. Aflaai tye soggens is ongelukkig ook tot nou toe die tyd wanneer die meeste 'smash and grab' insidente by kleuter- en ander skole plaasvind, seker omdat die boewe weet ouers fokus dan op die hantering van hul kinders en om die skoolsakke en alles mooi bymekaar te hou……wees asseblief soggens ekstra paraat. Bêre asseblief alle rekenaars, handsakke en kosbare besittings buite sig.
- Smiddae is die oplaai tye baie gevarieerd en kontrole is dan moeiliker. Wees asseblief ten alle tye paraat en bêre alle kosbare items buite sig.

- ‘n Permanaente veiligheidswag is voor by die groot ingangshek aan diens om moontlike onregmatige ingang te beperk.
- By die ingangs-portaal is ‘n personeellid soggens van 07h00 tot 08h00 teenwoordig. Gedurende hierdie aflaaitye soggens is die hekke in die ingangs-portaal oop vanweë al die in-en uit beweeg van die ouers.

**Toegang tot die skool perseel van 08h00-12h00**

- Ons veiligheidswag by die groot ingangshek, maak die hek oop vir ouers en versorgers se voertuie wat hy ken.
- Ouers/aflaaiers gebruik dan die kode by die kode-hek om toegang tot die skool te kry.

**Indien ‘n vreemdeling wou inkom, sal die veiligheidswag die personeel in kennis stel en ‘n personeellid sal na buite gaan om te hoor waarmee gehelp kan word.**

Onbekende/voornemende persone wat graag na die skool wil kom kyk, word ook aangesê om die kantoor te skakel om te hoor of hulle te woord gestaan kan word, alvorens toegang verkry kan word.

Nebulae se unieke taal, Godsdiens en kultuur samestelling beperk die toegang tot kultuur-eie ouers.

# Verjaardae:

Ons hou die verjaardag vieringe spesiaal maar tog **eenvoudig** en eenvormig.

### *In die Geel- en Pers klas:*

Volgens die Montessori tradisie loop die verjaardag maatjie met ‘n aardbol om die son, (‘n geel kers), as simbool van hoeveel kere die aarde al om die son gewentel het vir die aantal jare wat die kind op die aarde is. Terwyl die maatjie om die ‘son’ loop vertel ons vir die ander maats waar, wanneer en hoe laat die verjaardag maatjie gebore is.

Daar word vir die verjaardag maatjie ‘n verjaardagkroon gemaak en die kinders in sy/haar klas sing vir die verjaardagmaatjie. ‘n Baie klein speelding word as geskenk vir die kind oorhandig. (Almal kry gewoonlik dieselfde geskenk, dit sal soms ‘n klein bietjie verskil, afhangend hoeveel voorraad daar van die betrokke item in die winkel beskikbaar was met aankope.)

Die “verjaarsdag-viering” word net na “Pouse” gehou, dws +- 11h00.

Ons ouers moet asseblief vir ons ‘n brief skryf waarin verduidelik word na wie is die kind vernoem, waarom is die naam gekies, wat beteken die naam. Spesiale inligting rondom die geboorte-waar is die kleinding gebore, hoe laat is die kleinding gebore? Wat was die maatjie se eerste woorde, gunsteling speelding, wanneer het die kleinding begin kruip en loop. Allerlei interessanthede rondom elke jaar.

‘n Tydlyn met ‘n foto van elke jaar wat ons vir die ander maats kan wys moet asseblief ook skooltoe gestuur word.

Verjaardag verversings wat ouers kan saamstuur moet asseblief **MIN** wees. ‘n Twee staaf Kit-kat/kort Chomp, marshmallow vissie of iets soortgelyk. Ons besef dit lyk na afskeep, maar daar vind ongelooflik vermorsing plaas indien ouers groot cupcakes met baie versiersuiker saamstuur, die maats lek een of twee keer aan die versiersuiker neem moontlik ‘n happie en die res beland dan in die asblik. Ons probeer ook sover moontlik die suiker inname van die maats te beperk om gesonde eetgewoontes te kweek.

### *In die Blou klas:*

Aan die begin van pouse word vir die verjaardag maatjie ‘n verjaardagkroon op gesit en die kinders in sy/haar klas sing vir die verjaardagmaatjie. Indien die verjaarsdag maatjies iets gebring het vir die ander maats om te eet, word dit tydens pouse uitgedeel. In die blou klas verkieslik 2x pakke Flings of marshmallow vissies.

# Verlore-besittings:

In die Blou klas help die personeel die kleiner maats om hul besittings by/in hul tassies terug te plaas nadat dit gebruik is.

In die Geel- en Pers klas is die maats baie meer onafhanklik en sal die personeel die maats herinner om hul besittings in hul tasse te plaas.

Indien die besittings in die verkeerde tas beland, word die verlore besittings terug gestuur skool toe en **in ‘n personeellid se hand** terug besorg.

Wanneer daar verlore besittings op die skool se perseel agter bly wat nie gemerk is nie, en die personeel herken nie die klere nie, sal hierdie items in die VERLORE-GOEDERE houer geplaas word.

# Vorderings-verslae:

Vorderings verslae word twee keer per jaar uitgegee. In die middel van die jaar net voor die Junie vakansie en dan weer aan die einde van die jaar wanneer die skool sluit vir die einde van die akademiese jaar in Desember.

Tydens die jaar word elke kind se vordering gemonitor en aangeteken. Die vorderingsverslag is dan 'n opsomming van die voorafgaande ses maande se werk en vordering.

Nebulae bind die verslae in een dokument, vandat die kind by Nebulae ingeskryf is totdat die kind Nebulae verlaat. Die personeel neem ook deurgaans mooi foto's van die kinders tydens pouse en apparaat tyd en die foto's word ook in die vorderingsverslag gebind, gewoonlik as deel van die voorblad.

Die vorderingsverslag moet asseblief mooi opgepas word en elke keer terugbesorg word, dit word 'n kosbare fisiese bewys van u kind se vordering en groei tydens sy/haar tyd by Nebulae.

